WEEK 9 - HERHALINGS VAN BERIGTE/INLIGTING IN 'N VORIGE VRYPOS

BEDIENINGSBEGELEIDING

Netwerk: JONK Vrystaat

Vrystaat #imagine 2018:

Gemeentes/belangstellendes, neem asseblief kennis! Bring die volgende inligting onder alle tieners en jongmense se aandag: **Vanaf 6 - 8 April 2018**, vind die ***#imagine experience*** vir die Vrystaat, weer te Nampopark by Bothaville, plaas. Vir meer besonderhede oor hierdie geleentheid (kaartjies, video's, bemarkingsmateriaal, ens), klik asseblief op die ***"flyer"*** hieronder, klik ook **hier** vir 'n lys met kontakbesonderhede van die organiseerders, sowel as van die hubleiers regoor die Vrystaat.

KONFERENSIES / WERKSWINKELS / KURSUSSE

Dr Gustav Gous bied aan… 'n kursus in huweliksberading en vele meer:

Die volgende geleenthede word aangebied:

Huwelike: 18 April 2018, 09:00-12:30 by NG Riebeeckstad (Welkom)

Huwelike: 19 April 2018, 09:00-12:30 by NG Aandbloem (ENGO)

Huwelikverrykingsnaweek: 1-3 Junie 2018, Vry 16:00 - Sat 21:00 by Menuha (naby Brandfort) - VBO geleentheid. Klik **hier** vir volledige besonderhede (besprekings, kontakbesonderhede, ens)

Lidmate Netwerk in samewerking met NG Luckhoff, bied aan: **Rede Vir Lewe-kursus** deur **ds Piet Albertyn** op **Saterdag 12 Mei 2018** te Luckhoff Gemeentesentrum **vanaf 08:00 tot 16:00**. Die koste beloop R100pp (kursusmateriaal & verversings ingesluit). Bespreek asseblief by ds Theo Oosthuyzen, per WhatsApp of SMS op 082 388 5002, of per e-pos by **theo.xplode@gmail.com.** Kom ontdek jou plek binne die Liggaam van Christus en word toegerus om ook ander in jou gemeenskap toe te rus!

Fakulteit Regsgeleerdheid (Universiteit van die Vrystaat) bied 'n sertifikaatkursus in mediasie aan: Mediasie as alternatief vir 'n hofgeding of arbitrasie is aan die groei en geleenthede vir geakrediteerde mediators ontwikkel. Vind gerus meer uit oor ***Free State Mediation*** **(FSM)** op hul **webblad**, lees gerus ook die **artikel** wat onlangs in *Bloemnuus* (Netwerk24) verskyn het.

UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA
UFS·UV
LAW
REGSGELEERDHEID

FSM
FREE STATE MEDIATION

Die NG Kerk Vrystaat het 'n spesiale prys van R8 250pp vir hierdie kursus **vanaf 11 tot 15 Junie 2018** beding. Kry meer inligting oor die onderwerpe wat aanbieders gaan behandel, in die **brosjure** - belangstellendes kan **vóór Vrydag 4 Mei 2018 inskryf**, klik **hier** vir die inskrywingsvorm.